# CREDO MUSIEKTEORIE-OPLEIDINGSPROGRAM

# BYLAAG 2015
# VOORGRAAD 1

**Deur: S. J. Cloete**

Tel: 013-692 4004
Faks: 0866 333 592
E-pos: info@credo.co.za
www.credo.co.za

---

**<u>BELANGRIK</u>:**

Credo Musiekteorie gaan na Pretoria verskuif onder nuwe bestuur. Vanaf 13 April 2015, die begin van die Tweede Termyn, sal Credo se **telefoonnommer verander na 012 - 345 2677**. Die faks, e-pos en webadres sal dieselfde bly en S. J. Cloete sal steeds die Credo boeke bly opgradeer.

Totdat die nuwe Credo Voorgraad 1 boek beskikbaar is, moet leerlinge die huidige Credo boek gebruik, met hierdie Bylaag vir die 2015 Unisa leerplan.

**<u>Bladsy 45 – Voeg die volgende deel 7 by.</u>**

## 7. <u>GEPUNTEERDE HALFNOOT</u>.

‘n Noot kan met die **helfte van sy waarde** verleng word deur ‘n punt **ná die noot** te skryf, en nie bo-op of onder die noot nie. Die punt neem die **helfte van die waarde van die noot voor hom**.

VOORBEELDE: 

***Gepunteerde halfnoot***




As die noot op ‘n lyn is, word die punt in die spasie net **bokant** die noot geskryf.

Wanneer ‘n gepunteerde halfnoot rus, kan ‘n gepunteerde rusteken gebruik word (i), of die rustekens kan voluit geskryf word (ii). Albei is reg, maar skryf liewer die rustekens voluit.

(i) (ii)

VOORBEELD: 

✓ ✓

**Oef. 45b/1**
**SKRYF DIE NAAM VAN DIE VOLGENDE:**





_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

**Oef. 45b/2**
**BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE:**

1 ‘n Gepunteerde halfnoot is so lank soos _ _ _ _ (hoeveel) kwartnote.

2 Die punt word _ _ _ _ _ _ _ _ (langs / bo-op) die noot geskryf.

3 Die waarde van die punt in ‘n gepunteerde halfnoot is ‘n _ _ _ _ _ _ _ _ _ (nootwaarde).

**Oef. 45b/3**
**SKRYF DIE VOLGENDE:**



***‘n Gepunteerde halfnoot op middel C*** ***‘n Gepunteerde halfrus***

* * *